

Donderdag 7 Junie

Skrifgedeelte: Esra 7:1-10

Fokusgedeelte: Esra 7:10

Sit jou hart op die ondersoeking van die wet van die Here

Vers 10 soos volg vertaal: “En Esra het sy hart daarop gesit om die wet van die Here te ondersoek, dit (die wet) te doen en om in Israel die voorskrifte en bepalings (van die wet) te onderrig.”

Esra het sy “hart daarop gesit”, so openbaar vers 10, om “die wet van die Here te ondersoek”. Hierdie studie het nie net gegaan oor verkryging van kennis nie, maar oor die beginsels van ’n God-behaaglike en God-verskuldigde lewenswyse. Esra se doel was dat hy dit self kon doen (:10b). Dit is egter nie die einde van die saak vir Esra nie, maar hy het ten doel gehad om ook die lewe van die Godsvolk, Israel van destyds (:10c) in lyn daar-mee te bring.

Die saak waaroor dit eintlik gaan, is *die Here se vestiging van sy teenwoordigheid onder sy volk*. Die Skrif openbaar dat die Here hierin mense gebruik wat hulle harte daarop sit om drie dinge te doen:

- om die wet van die Here te ondersoek,
- om dit te doen wat God se wet bepaal,
- om ander te onderrig om dit te doen.

Toepassing: Is ek iemand wat sy hart daarop sit (1) om die wet van die Here te ondersoek, (2) om te doen wat God se wet bepaal, en (3) om ander te onderrig om te doen wat God se wet bepaal, *dan is ek deel van God se vestiging van sy teenwoordigheid onder sy volk*. ’n Vestiging waartoe ek gered en bekwaam gemaak is deur die Een wat God vol-maak onder sy volk gevestig het, naamlik *Immanuel – God met ons*, Jesus Christus die Here.

Sing: Psalm 18-1:15

Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol/Koedoesrand)